

Plato, Aristoteles en Cicero oor Vriendskap

Kobus Smit

The classical authors paid much attention to friendship. Although their thoughts had no link to the Jewish-Christian revelation and tradition their concepts are important to analyse friendship as societal structure. This article analyses Plato, Aristoteles and Cicero's view on friendship. The Reformational tradition is respected herein. The article concludes with a qualification of the structure of friendship.

*Drie merkwaardige tekste uit die klassieke word in hierdie artikel oor vriendskap ondersoek. Die verrassende is dat Plato met sy **Lusis**, Aristoteles met die **Nicomacheense Etiek** en Cicero met die **Amicitia** 2000-2400 jaar gelede reeds met verrassende analises van vriendskap vorendag gekom het. Maar meer as dit: daar is die afgelope twintig eeue weinig tot hierdie tradisie toegevoeg wat die moeite werd is om te verreken. Wat hulle te sê gehad het, het geen verband met die Joods-Christelike openbaring en tradisie nie. En tog bied dit sinvolle boustof vir die ontleding van vriendskap as samelewingstruktuur. Die idee van hierdie artikel is 'n analise van die beskouings van Plato, Aristoteles en Cicero oor vriendskap met die oog op 'n struktuuranalise van hierdie sosiale verhouding.*

1. Plato en die Lusis

Plato gee sy analise van vriendskap in die **Lusis**, 'n vroeë, Sokratiserende dialoog. Die rypere Plato van die **Politikos**, die **Politeia** en die **Nomoi** is afwesig. Die **Lusis** stel hoë eise aan die leser. Dit is nie 'n sistematiese analise nie, maar 'n dialoog en dit eindig met die slotsom dat daar steeds nie opgeklaar is wat 'n vriend is nie (223). In hierdie dialoog word twee verhoudings teenoor mekaar uitgespeel: die erotiese verhouding tussen Hippotales en die jongere Lusis enersyds, en die egte vriendskap tussen Lusis en Meneksenos aan die ander kant.

Van duidelike konklusies is daar hier, anders as by Aristoteles en Cicero, weinig sprake. Belangrik is dat die goeie, die skone en die wysheid telkens ter sprake kom.

Hippotales wil aanvanklik by Sokrates weet hoe hy sy geliefde Lysis kan beïnvloed. Sokrates reageer deur te versoek om met Lysis (“not less worthy of praise for his goodness than for his beauty”) self te praat (206-207). Sokrates betrek dan vir Lysis en Meneksenos by die diskussie oor vriendskap en konstateer dat vriende alles in gemeen het, sodat die een nooit ryker is as die ander nie. As Sokrates dan vir Lysis vra waarom hy onder sy ouers en onderwysers se dissipline staan en dus beperk word in sy vryhede, antwoord hy dat hy onmondig is, maar dat hy wel dinge toegelaat word wat hy verstaan. Sokrates beklemtoon dan die beheer wat wysheid ’n persoon gee oor sy lewe en die vertrouwe wat ingeboesem word as gevolg daarvan:

Then now, my dear Lysis ... you perceive that in things which we know every one will trust us ... we shall be free, and masters of others ...

And therefore, my boy, if you are wise, all men will be your friends and kindred, for you will be useful and good ... (210).

Sokrates vertel vervolgens dat hy van kleintyd af een ding bo alles begeer het: ’n goeie vriend. Vriendskap is van onskatbare waarde. Self kon hy dit nog nooit regkry om ’n vriendskap te sluit nie en hy weet selfs nie hoe om dit te doen nie (212).

Dan gaan hy in op vriendskap as wedersydse liefde en wys Lysis op die menings van die digters en filosowe dat God self vriende na mekaar toe aantrek – “like to like” – en dat “like must love like” (213 - 214). Daar kan geen egte vriendskap tussen bese mense wees nie: “the good only is the friend of the good” (213 - 214).

Plato behandel ook die tema van selfgenoegsaamheid of selfstandigheid in verband met die nuttigheidstema. Sokrates redeneer dat goeie mense selfvoorsienend is en niks nodig het van ’n ander nie en dus nie behoefte het aan die gunste en gawes van ’n vriend nie.

Dan bring hy weer die skoonheidstema te berde as hy opmerk dat “The beautiful is the friend”, maar betekenisvol toevoeg:

Beauty is certainly a soft, smooth, slippery thing, and therefore of a nature which easily slips in and permeates our souls. For I affirm that the good is the beautiful (216).

Dis nie duidelik of ’n klem op die erotiese hier veroordeel word nie. Dit sou eers heelwat later ongekwalifiseerd deur Plato gedoen word. Wanneer ons die gerypte Platoniese idee van die goeie en die skone (die *kalokagathon* tema) verreken by die uitsprake van die **Lysis**, kan ’n mens

die gevolgtrekking maak dat hy in sy estetika veral relatiewe vorme van (liggaamlike) skoonheid gebruik as voortrap om deur te dring tot die eidos van skoonheid.

Dan word gevra na die onherleibare eiesoortigheid van vriendskap:

That which is only dear to us for the sake of something else is improperly said to be dear, but the truly dear is that in which all these so-called dear friendships terminate (219).

Hy bly enduit in gebreke om 'n ondubbelsinnige antwoord te gee op die rol van “begeerte” in vriendskap. Tog moet die volgende uitspraak oor begeerte, kongenialiteit en liefde as van sentrale belang in hierdie dialoog verreken word:

Then love, and desire, and friendship would appear to be of the natural or congenial. Such Lysis and Menexenus, is the inference. ... Then if you are friends, you must have natures which are congenial to one another ...?

And I say, my boys, that no one who loves or desires another would ever have loved or desired or affected him, if he had not been in some way congenial to him, either in his soul, or in his character, or in his manners, or in his form....

The conclusion is, that what is of a congenial nature must be loved (221-222).

Ten spyte van al Plato se verwysings na die rol van begeerte in vriendskap (1975:44) konkludeer Kuhn dat die Lysis nie staan vir die idee van 'n erotiese vriendskap nie, maar vir egte vriendskaplike liefde:

Thema ist also *philia*, nicht *eros*. Zunächst dreht sich die Untersuchung um die Liebesbeziehung von Mensch zu Mensch, und zwar unter dem Gesichtspunkt des Herrschendürfens über sich selbst wie über andere.

Wanneer die ryper Plato later in die **Nomoi** radeloos vra na die herstel van die Atheense moraal, vind hy die redding in die volgende:

Fear of God, desire of honourable distinction, and the development of the passion for a beauty which is spiritual, not physical. (Nomoi, 841C).

Die verhouding tussen Lysis en Meneksenos word voorgestel as egte vriendskap. Maar die dialoog is vol innuendo wat die verhouding tussen Hippotales en Lysis betref. Geen oordeel word uitgespreek oor die aard van die vriendskap tussen Hippotales en Lysis nie en 'n mens is nie seker

of daar enige vriendskap van die kant van Lysis was nie. Uit die **Phaidros** (239-241), die **Politeia** (403b) en die **Nomoi** (836c, 840c) moet afgelei word dat indien Plato enigins in die **Lysis** ruimte laat vir die erotiese in vriendskap, dit later pertinent deur hom ontken sou word.

Uit hierdie uiteensetting het duidelik geblyk wat Kuhn soos volg saamvat:

Die Aporien des Lysis lassen nur ahnen, inwiefern die sorgende and begehrende Liebe im Grunde eins sind. Die Lösung des Rätsels bleibt unausgesprochen. Inzwischen bereitet sich schon hier der Gedanke vor, dass die Transzendenz des Guten und all dessen, was später Idea heisst, in der Liebe wurzelt, die das Gute dem Menschen zugänglich macht (Kuhn, 1975: 45).

Ten spyte van die ondefinitiewe aanduidings van die **Lysis** kan 'n mens minstens die volgende elemente vir die definisie van vriendskap uitlig: Dat die aangetrokkenheid tussen vriende gebaseer moet wees op gemeenskaplikheid, dat daar 'n "gelykheid" in goedheid en wysheid moet wees, dat daar wedersydse liefde tussen vriende sal wees wat deur wedersydse vertroue gekenmerk behoort te word, dat die rol van fisiese skoonheid genoem word maar tot 'n mate gerelativeer word. Die elemente van kongenialiteit en wedersydse liefde is reeds by Plato kwalifiserend vir vriendskap.

2. Aristoteles en die Nicomacheense etiek

Anders as by Plato verteenwoordig Aristoteles se vriendskapsbeskouing in die **Nicomacheense Etiek** sy ryper oordeel. Aristoteles se verhandeling oor vriendskap moet uiteraard gelees word teen die agtergrond van sy antropologie, etiek en sosiale filosofie.

Vir Aristoteles is vriendskap een van daardie onmisbare elemente in die mens se lewe wat groot geluk beteken. Niemand sal kies om sonder vriende te leef nie en voorspoed maak geen sin sonder vriende om dit mee te geniet nie. Die beste en mees lofwaardige daad is dié wat teenoor vriende volbring word.

Aristoteles se interpretasie van vriendskaplike liefde (*filia*) is veel wyer as wat normaalweg onder vriendskap verstaan word. Dit kan dui op die versorging van ouer mense, die band tussen rasgenote, gesinstoe-geneentheid, die verhouding tussen man en vrou, die band tussen state, ens. (1155a, 1158b, 1159b). Ross wys daarop dat Aristoteles enige aangetrokkenheid tussen mense beskou as vriendskap (Ross, 1949).

As dit gaan oor kernvriendskap sny ook Aristoteles die gelykheidstema aan. In wese gaan dit oor **gemeenskaplikheid** of die gronde vir

kongenialiteit. Gelykheid in deug en belangstelling is gebiedend. Dieselfde dinge moet vir hulle kosbaar wees en deur hulle verafsku word. Veral moet hulle siening van geregtigheid dieselfde wees. “(B)osom companions hold everything in common...”(1159b).

Die duursaamheid van vriendskap is vir hom gebaseer op karakter (1164a).

Hoewel dit saamhang met sy interpretasie van geregtigheid, steur dit tog as Aristoteles liefde binne vriendskap afhanklik maak van meriete. In alle vriendskappe waar een van die persone uitstaan, moet hierdie uitstaande vriend proporsioneel meer liefde ontvang as wat hy gee! (1158b). Maar dan kan hy dit weer **deels** relativeer:

Since, then, friendship consists in giving rather (than in receiving) affection, and since we praise those who love their friends, the giving of affection seems to constitute the proper virtue of friends, so that people who give affection to one another according to each other's merit are lasting friends and their friendship is a lasting friendship (1159a, vgl 1162b).

'n Nuttigheidsvriendskap is vir hom materialisties van aard. Die aangetrokkenheid is afhanklik van wat deelnemers daaruit kan baat. Vriendskap word ook nie aangegaan bloot ter wille van die humorsin van 'n persoon nie. Die perfekte vriendskap bestaan tussen gelykes in deugsaamheid. Mense wat vir mekaar die beste begeer is ware vriende. Hulle gesindheid word bepaal deur wat hulle vriende is en nie deur insidetele oorwegings nie (1156b). Ook in hierdie konteks herhaal hy dat vriende eenders is in karakter, dat hulle goeie mense is en dat tussen hulle “feelings of affection and friendship exist in their highest and best form.”

Die norm van **wederkerigheid** word sterk deur Aristoteles beklemtoon. Elke deelnemer behoort te ontvang wat hy gee, “that is what friends should be able to count on”(1157b). Hy stel dit in geen ondefinitiewe terme nie dat vriende **welwillendheid** teenoor mekaar sal openbaar en bewus sal wees van mekaar se welwillendheid (1155a). Maar welwillendheid is ook nie toegeneentheid nie. Welwillendheid is wel die begin van 'n vriendskap, maar moet ontwikkel tot wedersydse toegeneentheid (1167a).

Die duursaamheid van 'n vriendskap moet verseker word deur gemeenskaplike ervaring wat vertrou staag. Gemeenskaplike ervaring en deeglike kennis van mekaar bepaal die krag van 'n vriendskap. Vriende moet eers 'n sak sout saam opeet. Hulle moet mekaar eers oortuig dat hulle mekaar se liefde waardig is en mekaar se vertrou wen (1156b).

Wedersydse **vertroue** is een van die grondpilare van vriendskap. Aristoteles beklemtoon dit telkens. Die vertroue tussen vriende maak ook intimiteit moontlik. Boesemvriende kan enigiets met mekaar deel (1165a). Skending van vertroue word in 'n baie ernstige lig gesien. Gestel 'n persoon is onder die indruk dat die toegeneentheid wat hy van 'n vriend ontvang het, gekoppel was aan sy karakter en dit blyk 'n pretensie te wees, moet die vriendskap beëindig word. Vir pretensie is daar geen plek nie.

'n Vriend is dan ook iemand wat jou vreugde en pyn van harte deel (1166a). 'n Vriend se teenwoordigheid is aangenaam in beide voor- en teëspoed. Gedeelde leed is halwe leed (1171a).

Intimiteit is iets wat nie in die bondel beoefen word nie. Hy bring intimiteit dus in verband met die vraag na hoeveel vriende 'n mens kan hê. Tien mense is nie 'n stadstaat nie en wanneer daar 100 000 is, is dit ook nie meer 'n stadstaat nie. Die getal vriende wat ons kan hê is ook beperk. Om saam te woon is 'n aanduiding van ware vriendskap. Dit is onmoontlik om saam met 'n klomp mense te leef. 'n Intieme vriendskap is slegs moontlik met enkele boesemvriende. Die vriendskap wat in stories verheerlik word, is altyd beperk tot twee mense: tussen Achilles en Patroks, Orestes en Pulades (1171a). Bowendien geld dat as vriendskap gebaseer word op deug en op karakter, daar geen moontlikheid is van vele vriende nie.

Die intimiteit van vriende geld ook hul fisiese ruimte sodat hy telkens die eis stel dat vriende sal saamwoon. Die vriendskap groei deur gemeenskap. Vriende wat saamleef geniet mekaar se teenwoordigheid en beoefen aktief hul vriendskap. Geografiese skeiding onderbreek nie hulle vriendskap nie, maar die beoefening daarvan. As die skeiding egter te lank duur (Uit die oog, uit die hart), raak die vriendskap vergete (1157b). Of nog skerper: gebrek aan gemeenskap is die einde van die vriendskap.

Vriende vind vreugde in mekaar en vorm mekaar deur mekaar te inspireer en te korrigeer: "(F)rom the mould of the other each takes the imprint of the traits he likes... (1172a). Daarom konkludeer hy dat die twee hoofkenmerke van vriendskap is om tyd saam deur te bring en om vreugde te hê in mekaar se karakter (1158a).

Wat is Aristoteles se oordeel nou oor die huwelik? Mense, sê hy, is van nature meer geneig om in pare saam te leef. 'n Huwelik is meer onmisbaar as 'n staat. Mense bly nie bloot by mekaar vir voortplanting nie, maar om lewensbehoefes te verseker. Daarom bevredig hulle mekaar se behoeftes deur tot die gemeenskaplike belange by te dra. So 'n verhouding is aangenaam en goed mits die verhouding op deug gebaseer is (1162a). Oor

die verhouding tussen huwelik en vriendskap laat hy hom nie uit nie.

Dit is interessant dat reeds Aristoteles die tema van **self liefde** aansny as hy vriendskap ontleed. Die kwaliteit van ons vriendskapsverhoudings word bepaal deur ons verhouding tot onself. Die moreel-goeie mens se houding tot homself is dieselfde as tot sy vriend omdat 'n vriend 'n ander self is (1170b). Welwillende gevoelens teenoor 'n ander is 'n uitvloeisel van die welwillende gevoelens wat ons koester teenoor onself. Hy verwys na spreekwoorde soos die volgende: vriende het “een siel”, “vriende beskou dit wat hulle besit as gemeengoed”, “vriendskap is gelykheid”, ens. 'n Mens is sy eie beste vriend en moet die grootste liefde teenoor homself koester (1168b). Self liefde in hierdie positiewe sin is geen egoïsme nie. 'n Goeie mens móét homself liefhê omdat hy op hierdie wyse ook sy medemens edel sal behandel. Die teenoorgestelde geld van die slegte mens (1168b, 1169a).

Vir Aristoteles bestaan daar geen geluk buite die rasonale siel om nie. Die plesier van denke transendeer die plesier van die sintuie by verre (1176a). Die mees goddelike iets in die mens is sy intellek en as sy gedrag konformeer aan intellektuele deug vervolmaak sy geluk. Dit gaan dus oor die deug van teoretiese kennis of bepeinsing. Vir Aristoteles bied die beoefening van filosofie die suiwerste en sekerste geluk. 'n Filosoof is dus 'n uitsonderlik gelukkige mens (1177b, vgl 1178b). Filosofie is iets wat vriende gemeenskaplik kan beoefen.

Opsommend is vriendskap vir Aristoteles 'n liefdesverhouding tussen twee mense gekenmerk deur lojaliteit, vertroue, intimiteit, sosiale gemeenskap. Dit ontstaan deur die ervaring van kongenialiteit, die erkenning van karakter of goedheid in mekaar. 'n Vriendskapsverhouding word gekenmerk deur wederkerigheid. Welwillendheid moet betoon en ervaar word om toegeneentheid te stimuleer. Vriende deel mekaar se ideale, vreugdes en leed.

3. Cicero se *Amicitia*

Marcus Tullius Cicero (106-43 v C) gee in die **Amicitia**, sy essay oor vriendskap, 'n indruk van sy belesenheid in die Griekse filosofie. Cicero beskou die vriendskap tussen Laelius Scaevola en Publius Scipio as die edelste vergestaltung van hierdie verhouding. So verwys Scaevola na Scipio as “the man whose chief glory is a friendship maintained with the most absolute fidelity, constancy, and integrity” (7). Daarom kies Cicero as *dramatis personae* vir hierdie essay Laelius en sy twee skoonseuns: Quintus Mucius Scaevola en Gaius Fannius.

Die eerste element van vriendskap wat Cicero ter sprake bring is die geykte kwessie van **gelykheid** of **kongenialiteit**. Laelius verklaar dat daar tussen hom en Scipio die mees volkome harmonie was wat betref hul smaak, ideale en sentimente (4). Hierdie gelykheid word geïnterpreteer in terme van goedheid. Vriendskap, vir Laelius “the greatest thing in the world”, kan slegs bestaan tussen goeie mense. Dit word behoorlik gedifferensieer –

We mean then by the “good” *those whose actions and lives leave no question as to their honour, purity, equity, and liberality; who are free from greed, lust, and violence; and who have the courage of their convictions* (5).

Hy vervolg deur die definiërende rol van **liefde** of **aangetrokkenheid** tussen vriende te beklemtoon. Die natuurlike bande wat die menslike ras verbind is ondefinitief, maar vriendskapsbande is so gekonsentreerd en beperk tot so ’n enge sfeer dat die aangetrokkenheid alleen ervaar kan word tussen twee of ’n paar mense (5).

As hy dan kom by ’n definisie sê hy dit is –

a complete accord on all subjects human and divine, joined with mutual goodwill and affection (6).

Die gode het niks beters vir die mens gegee as vriendskap nie. Hoe kan ’n lewe die moeite werd wees as die ontspanning van wedersydse welwillendheid tussen vriende ontbreek? Wat, vra hy, kan meer aangenaam wees as om iemand te hê met wie jy alles in die volste vertroue kan deel? So ’n vriendskap halveer teëspoed omdat dit gedeel word (6).

As die skoonseuns dan aandring op ’n verdere analise, praat Laelius verder oor **liefde** as die wesenskenmerk van vriendskap. Amicitia kom immers van amor/amare en liefde is “the prime mover in contracting mutual affection”. Vriende word na mekaar getrek deur die deugszaamheid in die ander se karakter en nie deur die moontlikheid van wedersydse voordeel nie. Die oorsprong van vriendskap lê in –

an inclination of the heart, combined with a certain instinctive feeling of love, rather than from a deliberate calculation of the material advantage ... (8).

Cicero bring ook die kwessie van **selfstandigheid** ter sprake. Wanneer iemand vol selfvertroue is, versterk deur deug en wysheid, volkome selfstandig, dan word ’n ideale vriendskap gesluit en in stand gehou. So het Scipio en Laelius niks van mekaar nodig gehad nie. Hulle respek vir die deug in die ander was die aanleiding tot hul aangetrokkenheid en groter

intimiteit het die egtheid van hul liefde laat toeneem.

Gevoelsbetrokkenheid beteken nooit sensuele betrokkenheid nie. Hy maak beswaar teen die “brute beasts” wat alles herlei na sensuele plesier en vir wie niks verheve en goddelik is nie. En dan konkludeer Laelius: “genuine friendships are eternal.”(9, 13).

Dan herhaal Cicero: Die begin van vriendskap is die registrasie van deugszaamheid by ’n ander: “a mind of like character”. Die plesier van vriendskap is die gevolg van die warmte van ’n vriend se liefde. Die diens wat ’n vriend my kan bewys maak slegs sin as dit uit liefde gebore word. Mag en geld maak dit baie moeilik vir mense om egte vriendskap te beleef (14-15).

Daar is baie dinge, sê Laelius, wat ek vir ’n vriend sal doen wat ek nie vir myself sal doen nie. Ons is bereid om voordele te verbeur sodat ons vriende dit kan geniet. Vriendskap is vrygewig. Wie aan ’n vriend toegewy is, bereken nie voortdurend skuldbalanse nie. ’n Egte vriend sal meer wil gee as wat verwag word (16).

Die enigste ware beperking in vriendskap is die voorwaarde dat die karakters van twee vriende suiwer sal wees. Daar moet volkome **harmonie** wees in hul **belange**, **doelstellings** en **ideale**. En tog moet ons toegewings maak vir vriendskap, maar nie op so ’n wyse dat ons onverskillig sal optree teenoor ons reputasie nie.

Soos Scipio gemaan het moet ons baie diskreet wees in ons keuse van vriende. Die kwaliteite waarvoor ons moet oplet is **fermheid**, **stabiliteit**, **konstantheid**. Om ons vriendskap te toets vir hierdie kwaliteite moet ons omsigtig omgaan met ons impuls tot aangetrokkenheid.

Liefde is **selfopofferend**. Daar is baie dinge, sê Cicero, wat ek vir ’n vriend sal doen wat ek nie vir myself sal doen nie. Ons is bereid om voordele te verbeur sodat ons vriende dit kan geniet. Vriende is vrygewig.

Daar is vele versoekings soos geld, burgerlike of militêre promosies en politieke mag. Dis die menslike natuur om vir politieke mag te kies bo vriendskap. Mense wil dan glo dat die verraad geregverdig word deur die grootheid van die beloning. Daarom is vriendskap moeilik te vinde by mense wat aan die politiek deelneem of meeding om ’n amp. Om iemand te kry wat in hierdie konteks sy vriend se belange eerste stel, is bitter moeilik. En soos Cicero aan sy lyf gevoel het, is vriende wat jou politieke rampe deel baie skaars. Iemand wat sy vriend nie vergeet as hy voorspoed beleef of hom in die steek laat in teëspoed nie, ’n mens wat ferm onbeweeglik en onveranderlik teenoor hom optree in voor- en teëspoed, is omtrent ’n superwese (17).

Soek hy na die waarborg vir die stabiliteit en duursaamheid van vriendskap, vind hy dit in **lojaliteit**. Daarnaas moet **eenvoud**, 'n **sosiale disposisie** en 'n **simpatieke geaardheid** (iemand wat geraak word deur dieselfde dinge wat ons raak) kwaliteite wees waarop ons bedag sal wees. Hierdie eienskappe dra by tot lojaliteit. Iemand wat vol draadwerk is of wat onsimpatiek van aard is of wat nie geraak word deur wat ons ontroer nie, kan nie vertrou word nie. 'n Egte vriend openbaar twee eienskappe: die **totale afwesigheid van pretensie en wantroue** (dus die verwerping van alle beskuldiging wat aan die adres van sy vriend gerig word.)

Daar moet ook in woord en styl 'n sekere aangenaamheid, 'n tegemoetkomendheid en grasia wees: “inclined to all kinds of good-fellowship and good-nature”(18).

Deurwinterde vriendskappe moet gekoester word. Ook hier kom die spreekwoord ter sprake dat veel soute saam geëet moet word.

Voorts is **beskeidenheid** gepas. Scipio was die meerdere van sy vriende maar het nooit meerderwaardig teenoor hulle opgetree nie. As ons dus die meerdere is van ons vriend in persoonlike karakter, intellek of fortuin moet ons bereid wees om ons vriende as delers en vennote te behandel. Ons moet hul **status** en **waardigheid** bevorder.

For the advantages of genius and virtue ... are never realized to their fullest extent until they are bestowed upon our nearest and dearest (19).

Dan kom die voordele van politieke mag weer ter sprake. Die beginsel wat hy neerlê is dat diegene wat jy verhef tot staatsamp te staat sal wees om die funksies behoorlik te vervul. Hy verwys na Scipio wat Publius Rupilius konsul gemaak het maar op grond van sy integriteit dit nie kon doen met sy broer Lucius nie (20).

'n Volgende reël vir vriendskap is die **vermyding van eksessiewe liefde**. Verhewe pligte roep ons om ons vriende soms te verlaat en nie te swig voor die pyn van skeiding nie. Daar moet altyd grense wees vir wat 'n mens van 'n vriend kan verwag en wat 'n mens 'n vriend toelaat om van jou te verwag.

Cicero beklemtoon ook **eerlikheid** as norm vir vriendskap. Oor vriende se foute durf mens 'n nie swyg nie. Teregwysing moet nooit beledigend wees nie. Daarom moet 'n vriend se raad geduldig en sonder irritasie aangehoor word (24). Die waarheid moet oor pretensie en valse vleitaal triomfeer. Die norm vir vriendskap is “to show an open breast” (26). Dis soms noodsaaklik om vriendskappe te beëindig, maar altyd met grasia. Cato het gesê dat ons vriendskap eerder moet lostrek as uitmekaar skeur (21). Ons

moet hieruit leer dat ons nie haastig moet wees met ons liefde nie en dat ons dit nooit moet gee vir iemand wat dit nie waardig kan wees nie.

In navolging van Aristoteles bring ook Cicero vriendskaplike liefde in verband met **selfliefde**. Elke mens het homself lief, maar as hierdie liefde nie oorgedra word op 'n ander nie, sal nooit ontdek word wat 'n egte vriend is nie. 'n Vriend is 'n tweede self. 'n Mens soek immers die eenwording met 'n ander (21).

Een van die mees geprofileerde definisies van vriendskap in **De Amicitia** vind 'n mens in paragraaf 22 waar hy ook handel oor die essensiële komponent van **respek**:

(M)en who are united by affection learn, first of all, to rule those passions which enslave others, and in the next place to take delight in fair and equitable conduct, to bear each other's burdens, never to ask each other for anything inconsistent with virtue and rectitude, and not only to serve and love but also to respect each other. I say "respect" for if respect is gone, friendship has lost its brightest jewel (22).

Vriendskap is 'n vennootskap om die hoogste goed (morele opregtheid, roem, gemoedsrus, sereniteit) te bereik. Hy waarsku oor en oor dat goeie oordeel noodsaaklik is by die sluit van 'n vriendskap omdat die kultivering van 'n onverstandige vriendskap groot lyding kan inhou:

We put the cart before the horse, and shut the stable door when the steed is stolen ... (22).

In sy slotsom spreek Cicero vir Fannius en Mucius aan en herbeklemtoon die noodsaak van deug in vriendskap. Wanneer die deug in 'n ander geregistreer word, ontvlam liefde of vriendskap. Te midde van al die onstabiele van die bestaan moet ons soek na liefde:

for if we lose affection and kindness from our life, we lose all that gives it charm (27).

En dan keer hy terug na sy vriendskap met Scipio, die grootste seëning wat die natuur hom toebedeel het:

We had one house, one table, one style of living; and not only were we together in foreign service, but in our tours also and country sojourns. Why speak of our eagerness to be ever gaining some knowledge, to be ever learning something, on which we spent all our leisure hours far from the gaze of the world? (27)

En dan sy slotsin:

Virtue (without which friendship is impossible) is first; but next to it, and to it alone, the greatest of all things is Friendship (27).

Uit die voorafgaande is dit duidelik waarom Cicero se essay oor vriendskap soveel invloed uitgeoefen het. Die hele Grieks-filosofiese tradisie is immers verreken in hierdie Hellenistiese hoogtepunt. Die resultaat kan weereens opgesom word onder die hoofde **aangetrokkenheid** en **liefde**. Eg steun op gelykheid: harmonie in smaak, simpatieë, belangstellings, regverdigheid, selfstandigheid, goedheid, pretensieloosheid, eerlikheid, vermyding van eksesse, en die afwesigheid van 'n seksuele komponent. Wat die liefde betref, geld oorwegings soos dat dit 'n kosbare gawe van die gode is, dat dit welwillend is, lojaal, wedersyds eerbiedigend; dat die vreugde daarvan gebou is op die algehele wedersydse vertrouwe en instand gehou word deur saamdoen en saamdink.

4. Struktuuranalise van vriendskap

Vriendskap was in die klassieke en hellenistiese filosofie volledig aan die orde. Augustinus en Thomas sou daaraan aandag gee. In die moderne humanisme kom dit hier en daar ter sprake (Vgl. Kant, 1930:469). Die Reformatoriese filosofie het nie veel aandag gewy aan vriendskap as sosiale gemeenskapstruktuur nie. Met die uitsondering van James Olthuis (1975) is daar min gedoen oor die onderwerp.

Dooyeweerd het in sy sosiale filosofie onderskeid gemaak tussen verbande, gemeenskappe en maatskapsverhoudinge. Vriendskap is vir hom 'n maatskapsverhouding (Hieroor later meer). In sy radikaalteipiese onderskeidings verwys hy na die kwalifiserende en funderende modaliteit van 'n sosiale struktuur. So onderskei hy tussen natuurlike en georganiseerde gemeenskappe. Natuurlike gemeenskappe soos huwelik, gesin en familie is gefundeer deur die biotiese modaliteit, terwyl die georganiseerde gemeenskappe soos die staat en universiteit deur die historiese gefundeer word. Die volgende opmerking van Dooyeweerd bring 'n mens nie veel verder met die struktuur van vriendskap nie:

I shrink from calling a friendship a natural community, because the term friendship (with its confusing difference of degrees) lacks a univocal sense. If friendship is typically founded in a feeling of sympathy, we must remark that feeling, insofar as it is not of a biotically founded instinctive character, can be hardly viewed as a typical firm basis of a *natural* community. And a typical foundation of friendship is certainly lacking (Dooyeweerd, 1957:179).

Om tot 'n struktuuranalise van vriendskap te kom is 'n antropologiese, kosmologiese en ideologiese analise noodsaaklik. Wat die antropologie betref, moet beklemtoon word dat die mens in sy persoonlikheid deel het aan al die normatiewe modaliteite en dat sy bestaan gesentreer is in sy religieuse hart. Die hart word beheers deur 'n religieuse grondmotief wat tot uitdrukking kom in die etos wat die doen en late van die mens stempel. Na die wetsy is die christelike etos die eis van Christus om in alle intermenslike en ander verhoudinge die Koninkryk van God te soek, dit wil sê, God en medemens in liefde te dien. Na die subjeksy is die etos die diepste strekking wat daar geleë is in ons doen en late.

Vir vriendskap om 'n gestalte van die Koninkryk te wees moet ten eerste eerbied betoon word teenoor die skeppingsbeginsels wat God verordineer het vir die struktuur van vriendskap. In die tweede plek kan die Koninkryk slegs in vriendskap vergestalt word as die struktuurbeginsels of norme gehoorsaam word. (Trouens, dit is die voorwaarde vir geluk in alle gemeenskapstrukture). Derdens moet beklemtoon word dat God vriendskap geskep of struktureel moontlik gemaak het as 'n unieke en onherleibare gemeenskapstruktuur wat tog vervleg is met alle ander gemeenskapstrukture. Vierdens moet steeds verreken word dat ook vriendskap na die feitelike sy deur feilbare mense tot stand gebring en gehou word of beëindig word .

Nie net die vergestaltung van vriendskap as gestalte van die Koninkryk nie, maar ook ons denke oor die struktuur van vriendskap is feilbare mensewerk. Die gebrekkige gehoorsaamheid aan die skeppingsordering vir vriendskap, kanselleer egter nie die skeppingstruktuur vir vriendskap nie. Daar is 'n strukturele waarborg vir die duursaamheid van 'n vriendskap.

Strauss (1978:187-189) bring die kriteria van solidêre eenheid en permanente gesagstruktuur ter sprake by sy ontleding van gemeenskapstrukture. Beide kriteria geld vir die staat en die gesin as verbande, maar nie een van die twee geld vir vriendskap nie. (Vgl. wat betref 'n gesagstruktuur Dooyeweerd, 1957:181). In egte vriendskap verval die gemeenskapstruktuur indien een vriend te sterwe kom. By gemeenskappe soos volk en familie is daar wel 'n solidêre eenheidskarakter, maar geen permanente gesagstruktuur nie. Hy merk ook op dat maatskapsbetrekkings onverbreeklik gekorreleer is met verbands- en gemeenskapsverhoudinge.

Vriendskap is dus uniek: dit is geen instellingsgemeenskap soos 'n huwelik nie; dis ook nie 'n georganiseerde gemeenskap soos 'n skool nie. Jy word nie in 'n vriendskap gebore nie en jy kan dit ook nie organiseer

nie. Tog verteenwoordig dit 'n onmisbare dimensie in die bestaan van mense. Soos by 'n huwelik kies twee mense in die grootste vryheid om op 'n bepaalde liefdevolle wyse met mekaar te verkeer vir die res van hul bestaan. Vriendskap het niks met bloedbande te doen nie, dis altyd die gevolg van 'n vrye keuse op grond van 'n aangetrokkenheid tussen twee spesifieke persone. Vander Kerken (1981:116-117) noem dit die mees vrye liefde wat bestaan. Vergelyk hierby die gedig van Bonhöffer verder aan.

Dit bly moeilik om oor vriendskap te veralgemeen. Naas unieke vriendskappe soos in geval van boesemvriende (kernvriendskappe), bestaan daar vriendekringe en kan vriendskappe tussen gesinne gesluit word. Soos ek ondervind het met Danie Strauss, kan kollega's ook vriende wees, iets wat 'n besondere dimensie verleen het aan my loopbaan.

In dit wat volg wil ek in lyn met al bostaande probeer om die struktuur van kernvriendskap te beskryf in terme van norme wat kosmologies en antropologies geldig is. Dit geskied na aanleiding van die analogieë van die etiese (as kwalifiserende modaliteit van die struktuur van vriendskap), konstitutief en regulatief.

Dit is opvallend dat by al drie denkers hierbo – Plato, Aristoteles en Cicero – twee sake prominensie geniet: wedersydse liefde en wedersydse aangetrokkenheid. Baie word gemaak van die voorwaardes vir aange-trokkenheid tussen persone.

Plato (221-222) onderrig Lysis en Meneksenos dat liefde, eros en vriendskap gefundeer is op kongenialiteit. Aristoteles (1159a, 1162b) leer dat vriendskap bestaan in die gee eerder as in die ontvang van liefde en dat 'n mens jou vriend moet liefhê soos jouself (1168b). Cicero fundeer vriendskap op 'n inklinasie van die hart, 'n sekere instinktiewe gevoel van liefde. Hierdie liefde ontstaan op grond van die registrasie van wedersydse deug, –

a complete accord on all subjects human and divine, joined with mutual goodwill and affection (6, vgl. 8).

Aldrie denkers beklemtoon die goddelike herkoms van vriendskap en die diepe vreugde wat dit vir vriende beteken.

Die feit dat bg denkers reeds 2 millennia plus gelede waarhede oor vriendskap kon boekstaaf wat steeds vir ons geldig is, kan alleen in religieuse taal verklaar word: God se algemene openbaring in die skepping (Rom. 1) en bewarende genade (die instandhouding van 'n normorde – Rom. 2, Kol. 1) maak dit moontlik dat daar ten spyte van 'n radikale verskil in religieuse etos soveel waarheid in die analyses te vinde is.

Om by Plato, Aristoteles en Cicero aan te haak, word vervolgens gekonsentreer op die betekenis van liefde. Intuïtief word liefde binne die Reformatoriese kosmologie aangedui as sinkern van die etiese. Van 'n definisie van liefde is geen sprake nie. Maar die liefdesnorme kan tog konkreet verduidelik word met verrekening van alle modaliteite waaraan die menslike persoonlikheid deel het.

Naas die sinkernformulering van “liefde” is daar ook ander formuleringe soos trou of getrouheid, persoonsliefde, persoonsbehartiging, persoonsbehandeling. Vir my is die terme liefdestrou, persoonsbehandeling en persoonseerbied van kardinale belang om die etiese te probeer verstaan. Dit tipeer dan ook boesemvriendskap.

Dit is Immanuel Kant wat die persoonwees van die mens in die sentrum van die etiese diskussie ingetrek het. Sy klassieke norm in dié verband is dat 'n mens nooit jou eie of 'n ander se persoon sal gebruik as 'n middel tot 'n doel nie, maar altyd as 'n doel op sigself. Inderdaad is die persoonskarakter van die mens vir die tema van vriendskapsliefde ook sentraal. Maar daar is 'n dieptedimensie verbonde aan persoonwees. Die mens is geskep na die beeld van God. As religieuse persoon moet hy eerbiedig word. Maar omdat God die mens verorden het om sy lewe binne gemeenskapstrukture te slyt en daar goddelike skeppingsordeninge vir hierdie strukture geld, raak eerbied nie net die persoon van die mens nie, maar ook die skeppingstrukture waarbinne hy leef en die God wat dit verorden het.

Daar is een element in vriendskap wat vir my 'n misterie bly: die **kongenialiteit** tussen vriende. Ton Lemaire maak die opmerking:

Het is immers de eigenaardigheid van de menselijk bestaan, dat datgene dat het meest van nabij word beleefd, zich het meest ertegen verzet om in de baan van het denken te komen (Lemaire, 1968:8).

Tereg en met 'n verskeidenheid terme wys aldie denkers daarop dat 'n vriendskap ontstaan wanneer twee mense bewus raak van “gelykheid” tussen hulle. Ons sou praat van 'n golflengte-ooreenkoms. So 'n metafoor is 'n verleentheidsterm om iets te sê van die misterie van die ontstaan van vriendskap. 'n Mens kan ook in die geval van hierdie drie denkers praat van 'n karakter-ooreenkoms. Om hierdie intuïtiewe aangetrokkenheid te herlei na die psigiese as funderingsfunksie is myns insiens 'n halwe waarheid. Dit sou tekort doen aan die misterie van menswees en menseverhoudings. Dink aan normatiewe oortuiginge, lewenstyl, humor-sin, belangstellings, aanlegte en agtergrond. Dat ook die psigiese 'n rol

speel is sekerlik so. 'n Mens dink aan iets soos temperament, maar selfs temperament kan beswaarlik psigies vasgepen word. Die taak van die filosofie is struktuuranalise maar ook die filosofie stuit op die ongrypbare.

Nog een saak is hier van kardinale belang: die sentrale religieuse liefdesgebod, die grondwet van die Koninkryk. Daar moet onderskei word tussen die religieuse en die modale as dit kom by die liefde. Die religieuse liefdesgebod sien die naaste as 'n lid van die radikale religieuse gemeenskap van die mensdom in Christus. Die sentrale religieuse liefdesgebod is daarom die dinamo vir alle normatiwiteit (modaal en struktureel) in die bestaan van die mens. Die Liefde moet die liefde stuur op die weg na die koms van die Koninkryk. Ook vriendskap bestaan nie bloot ter wille van die (twee) mense wat in die verhouding deel nie. Dit is transendentiaal veranker en gerig.

In die Christelike etos word vriendskap nooit uitgespeel teenoor die huwelik nie. Omdat albei deur Christus opgeëis word vir die Koninkryk kan vriendskap nie huweliksbelange transendeer nie. Beide die unieke onherleibaarheid en die alsydige sosiale vervlegtheid moet gehandhaaf word. In die opsig doen die eksessiewe klem op saamwoon en saamdoen by Aristoteles en Cicero vreemd aan. Huweliks- en gesinsverantwoordelikhede het dus voorrang op vriendskap.

Dit spreek boekdele dat Plato, Aristoteles en Cicero nie 'n woord rep oor vriendskap tussen vroue nie. Hul analises bevestig die algemene degradering van die vrou in die Grieks-Romeinse kultuur.

In 'n voetnoot verwys Dooyeweerd na Bonhoeffer se gedig **Der Freund**. Soveel van wat hierbo bespreek is, vind neerslag in hierdie gedig:

Nicht aus dem schweren Boden
wo Blut und Geschlecht und Schwur
mächtig und heilig sind,
wo die Erde selbst
gegen Wahnsinn und Frevel
die geweihten heil'gen uralten Ordnungen
hütet und schützt und rächt,—
nicht aus dem schweren Boden der Erde,
sonder aus freiem Gefallen
und freiem Verlangen des Geistes,
der nicht des Eides und das Gesetzes bedarf,
wird der Freund dem Freunde geschenkt.

Dit herinner ook aan Schiller se **Ode aan die vreugde** wat die groot vreugde beklemtoon van iemand se vriend te mag wees.

5. Norme vir Vriendskap

'n Boesemvriendskap is 'n **liefdeseenheid**. Boesemvriendskap is eksklusief van aard. Die beskerming van liefdeseenheid is 'n norm. 'n Allemansvriend is niemand se vriend nie. Al is dit so dat twee vriende se belangstellings, behoeftes en norme nooit volkome ooreenstem nie, is dit meer waarskynlik dat iemand een en nie twee of drie boesemvriende sal hê nie. Soveel vriendskappe word gesluit op grond van 'n gemeenskaplike belangstelling soos kuns of politiek. Kernvriendskap is dit nie. Boesemvriende ervaar mekaar as uniek. Die gemeenskaplike tussen hulle dek 'n lewenswyse terrein. Hulle vervul in mekaar se diepste behoeftes en daarom is voorkeurbehandeling en selfopoffering die normale wyse van doen. Die **integrasie** van die verhouding tussen twee vriende het te doen met die samesmelting van belange en die eenwording van oortuigings en belangstellings. Dit bou **solidariteit** in 'n verhouding.

Die eis van die klassieke skrywers dat vriende **ruimtelik** saam sal woon en sal werk, moet beskou word as 'n kultuurhistoriese verskynsel eerder as 'n norm. Vriende probeer uiteraard om op gereelde basis mekaar te besoek of saam dinge te doen of saam aan projekte te werk. Uit die oog, uit die hart, geld egter nie van egte vriendskap nie. Vriendskap oorstyg tydruimtelike verwydering. Die nabyheid tussen vriende is eties van aard.

Die doel van die konvensie van vriendskaplike samewoning in die tyd van Aristoteles en Cicero was die vreugde van saamwees en saamdoen. Dit bly 'n norm dat vriende voorsiening sal maak vir tydruimtelike saamwees, of sal kompenseer daarvoor deur gereelde kommunikasie op ander wyses as van aangesig tot aangesig.

Vriendskap vra **soepelheid**. Enige menseverhouding het sy probleme. Wanneer konflik opduik moet daar 'n interne konsekwentheid aan die dag gelê word. Die middele vir die beskerming van 'n vriendskap kom later ter sprake. Reeds is daarna verwys dat die **duursaamheid** van 'n vriendskapsverhouding gefundeer is deels op die struktuurwetmatigheid en deels op die wyse waaraan mense deelneem aan die verhouding.

Die interne soepelheid in 'n vriendskap veronderstel dat vriende ook leer om saam te leef met die ewig-teenwoordige persoonlikheidsverskille.

Enige vriendskap verg **energie-inset**, toewyding, “commitment”. As iets normatiefs, word dit van oomblik tot oomblik bevestig (of ontken) met normatiewe besluitneming. Aristoteles sê:

(T)hey become better as they are active together and correct one another ... (1172a).

Daarom vra vriendskap insette wat die liefdesverhouding kan versterk. Dat vriende vir mekaar omgee, kan op vele wyses gekommunikeer word.

Vriendskap ontkiem en vriendskap moet **groei**. Die basiese middele vir groei in 'n verhouding het te doen met die bevestiging van die verhouding deur sosiale gemeenskap, kommunikasie, die verkenning van nuwe horisonne. Dit gaan ook om dade wat die liefdestrou tussen persone bevestig. Groei lei tot groter integrasie van die verhouding.

Die etiese analogie na die psigiese bring ons by **liefdesgevoel**. Dit bly opmerklik dat gevoelsterminologie so ongedifferensieerd gebruik word. Ekonomiese of estetiese oordele word meesal uitgedruk met die inleiding: "Ek voel dat ..."

In sy boek oor die teerheid, maak Ton Lemaire (1968:23) die opmerking dat teerheid tot uitdrukking kom as blik, as woord en as aanraking. Teerheid staan teenoor hartstog. Ook toegeneentheid tussen vriende word vergestalt as blik, woord en aanraking. Liefdesgevoel konstitueer die mens as persoonlikheid. Filia het uiteraard 'n sterk emosionele kant.

Gevoelsbetoning of die bevestiging van lojaliteit hoort by 'n gesonde vriendskap. Min dinge bring soveel vreugde as die ervaring van lojaliteit, wedersydse lojaliteit. Vriende is sensitief vir mekaar se gemoedstoestand. Oor en oor word dit deur die klassieke outeurs beklemtoon dat vriende mekaar se laste dra, dat gedeelde leed halwe leed is en gedeelde vreugde dubbele vreugde. By die klassieke outeurs word die rol van die psigiese in vriendskap oor en oor beklemtoon as die gelykheidstema of kongenialiteit ter sprake gebring word.

As daar 'n woord is wat uitdrukking gee aan liefdesgevoel tussen vriende sal dit **kameraderie** wees.

Die **logiese** het te doen met onderskeiding en identifisering. Ons identifiseer met ons vriende op grond van hul eienskappe wat ons onderskei en identifiseer. Ons kan dit beredeneer. Sluit ons 'n vriendskap, is dit egter moeilik om te beredeneer wat presies ons na mekaar trek. Ons stuit onvermydelik op dit wat sku is om deurskou te word in menseverhoudings. Elke vriendskap het voorts sy eie logika, sy redensiestyl. Vriende identifiseer gemeenskaplike ideale en belangstellings. Plato leer in die **Lusis** dat goeie insig beheer gee, dat dit vertrouwe inboesem. Goeie insig beteken ook nuttigheid.

Cicero beklemtoon die waarde van die raad van vriende, eerlike vriende. "Wysheid" beteken vir ons dikwels die vermoë om 'n saak goed uit te redeneer, om dit van alle gesigshoeke te bekyk. Daarnaas fasiliteer

vriendskap die uitpluising van lewensprobleme op 'n unieke wyse. Ons vertrou ons vriende se oordeel/raad op grond van ons liefdesvertroue maar blindelings mag ons dit nie volg nie.

Die **historiese** modaliteit van die bestaan het te doen met **vormingsmag**. Die vormingsmag wat van elke menslike persoonlikheid uitgaan bly iets wat 'n mens laat huiwer, veral as ouer. Bewus en onbewus vorm vriende mekaar. In Bybelse taal: Yster slyp yster. So slyp persoonlikhede mekaar. Of soos Aristoteles dit stel:

(F)rom the mould of the other each takes the imprint of the traits he likes ... (1172a).

Interpersoonlike beïnvloeding lei tot gestaltegewing. 'n Vriendskap word op 'n sekere wyse beoefen. Sekere rituele word nagekom rondom sekere dae soos verjaarsdae en Kersfees.

Elke vriendskap het sy eie **taal**, sy eie woordeskat, sy aanspreekvorme. Elke mens wat egte vriendskap ken, weet dat die ontmoeting van aangesig tot aangesig, die ontmoeting van 'n blik, boekdele spreek. Die handdruk van 'n vriend is nie maar 'n bloot sosiale konvensie nie. Dit is belangrik dat liefde of lojaliteit in vriendskap op een of ander wyse direk (verbatim) of indirek geartikuleer word. Die spontane glimlag of omhelsing van 'n vriend beteken in 'n onpersoonlike moderne maatskappy oneindig veel. Kommunikasie binne 'n vriendskapsrelasie is 'n bron van groot vreugde, 'n moet vir 'n kwaliteitse. Dit is ook so dat egte vriende tye saam beleef waar woorde oorbodig word, waar stilte sinvol spreek. Dan is daar ook nog die norm van die simbolisering van vriendskaplike liefde deur geskenke, gunste, besoeke, oproepe, briewe.

Vriendskap is 'n **sosiale** verhouding aangewese op verkeer tussen twee mense. Beide Aristoteles en Cicero bekemtoon die figuurlike sak sout wat saam opgeëet moet word. Vir beide word vriendskap gekarakteriseer deur in mekaar se geselskap te lewe: Vriendskap is gemeenskap, sê Aristoteles:

But it is impossible for men to spend their time together unless they are pleasant ... and find joy in the same things. It is this quality which seems typical of comradeship (1157b).

Die norm by boesemvriendskap is in elk geval dat vriende op gereelde basis sal kommunikeer by wyse van besoeke of deur die kommunikasiemoontlikhede wat beskikbaar is. Laastens moet beklemtoon word dat die grasia wat eie is aan vriendskap sekere basiese hoflikheidsreëls oorbodig maak. Die intimiteit wat deur baie verkeer tussen vriende groei, bring 'n gemaklikheid mee wat nie sterk steun op die dikwels afstandelike hoflikheidsreëls nie.

Wat die **ekonomiese** analogie van die etiese betref, het aldie denkers hierbo hulle oortuigings eksplisiet verduidelik. Aldrie denkers verwerp die nuttigheidskriterium as dit gaan oor die motivering van vriendskap. Vriende verwag geen gunste en gawes nie maar wil alles deel. Aristoteles sê dat voorspoed geen sin maak as 'n mens nie vriende het nie. Die klem val deurgaans op onselfsugtigheid. Aristoteles was wys genoeg om sy idee van pro rata liefde te relativeer deur op te merk dat egte vriende eerder gee as om te ontvang. Die norm is dus om te deel.

Liefde is selfopofferend. Daar is baie dinge, sê Cicero, wat ek vir 'n vriend sal doen wat ek nie vir myself sal doen nie. Ons is bereid om voordele te verbeur sodat ons vriende dit kan geniet. Vriende is vrygewig.

Ons moet ons vriende se **status** en **waardigheid** bevorder:

For the advantages of genius and virtue ... are never realized to their fullest extent until they are bestowed upon our nearest and dearest (19).

Nie ekonomiese nuttigheid nie, maar morele nuttigheid is die motivering vir die smee van vriendskapsbande.

Wat die **estetiese** analogie betref (liefdesharmonie), moet herinner word aan die klassieke eis wat Plato gestel het vir die herstel van die Atheense moraal, naamlik 'n passie vir geestelike skoonheid (**Nomoi** 841c). Selfs in die **Lusis** word eros (sintuiglik waarneembare uiterlike skoonheid) gerelativeer deur die konklusie dat die skone die goeie is. In die latere ontwikkeling van die idee van die goeie en die skone is die sintuiglike vorme van skoonheid minderwaardige skadu's van die eintlike vorme (eidé) en dus slegs 'n voortrap op pad na die idee van die goeie en die skone as bron van alle vorme.

In boesemvriendskap moet daar in woord en sosiale omgang 'n sekere **grasie** wees. Die **Amicitia** (18) praat van “inclined to all kinds of good-fellowship and good-nature”.

Liefdesharmonie het te doen met die ooreenkoms tussen vriende wat betref die norme wat hulle probeer handhaaf. Dit kom voor of **lojaliteit** uitdrukking gee aan dit wat mense tiperend vind van 'n “mooi” vriendskap. Vergelyk in hierdie konteks die verhouding tussen Dawid en Jonatan.

In die konkrete werklikheid word liefdesharmonie kontinuu bedreig. Vriendskap word verwaarloos as gevolg van die druk van 'n professionele loopbaan en verpligtinge in al die ander samelewingstrukture. Onbedagsaamheid teenoor 'n vriend se persoonlike krisis word as kwetsend ervaar. Die konflik wat resulteer moet steeds aangespreek word. Berou,

belydenis, vergiffenis herstel die harmonie.

Cicero gee 'n sentrale plek aan die volkome **harmonie** in die **belange**, **doelstellings** en **ideale** van vriende.

Weens hul betrokkenheid by praktiese politiek of belangstelling in politieke wetenskap, is dit te verstane dat Plato, Aristoteles en Cicero ooreenstem oor die rol van **geregtigheid** in die samelewing en die eis dat vriende oor geregtigheid nie moet verskil nie. 'n Sin vir **billikheid** staan dus sentraal in die wedersydse ervaring van kongenialiteit.

Hierdie billikheid, **geregtigheid getemper deur liefde**, vra ook om **deursigtigheid** en **aanspreeklikheid** in onderlinge gedrag. Weereens moet beklemtoon word dat elke ervaring van onbillikheid tussen twee vriende aangespreek moet word, sodat die verhouding nie skade ly nie.

Veral omdat boesemvriendskap intimiteit veronderstel en die skending van vertroulikheid as 'n uiterste vorm van onreg ervaar word, moet die interne geregtigheid in die verhouding verskans word. Die term wat dit saamvat is **integriteit**.

Die vreugde van vriendskap word gebaseer op die kwaliteit van **wederkerigheid**. Aan die een kant word die idee van pro rata liefde (Aristoteles) verwerp. Aan die ander kant kom geen vriendskap net van een kant nie. Die sekerste dood vir 'n vriendskap is die verwaarlosing van die norm van wederkerigheid.

By die bespreking van die struktuur van 'n vriendskapsverhouding is reeds uitvoerig na die **etiese** modaliteit verwys. Daarby nog die volgende: Dit is die onderlinge betuiging van liefde tussen vriende wat die diepe vreugde in die verhouding konstitueer. Die waarborg vir hierdie vreugde is die wedersydse “commitment” tussen vriende. Die integriteit waarmee hierdie “commitment” gehandhaaf word, lei tot **liefdestrou**. Dit is nie waar dat trou tussen vriende altyd die gevolg is van 'n bondswering nie. 'n Boesemvriendskap kan tussen persone ontstaan sonder dat dit ooit geverbaliseer word.

Daar is altyd verskille tussen vriende. Die voortbestaan van die verhouding is altyd 'n kwessie van normatiewe verantwoordelikheid en nie iets wat outomaties gebeur nie.

Liefdestrou kan ook uitgedruk word met die term **lojaliteit**. Uitvloeisel hiervan is die besorgdheid oor die ander wat lei tot versorging, sorgsaamheid. As Aristoteles opmerk dat vriendskap gekenmerk word deur die gee van liefde eerder as die ontvangs daarvan, dat die gee van liefde die ware deug van vriende konstitueer (1159b, 1162b) en dat

vriende welwillendheid moet openbaar teenoor mekaar (1155a), kan dit saamgevat word met die norm van **dienswilligheid**. Die diensmotief is reeds ter sprake in Cicero (22) se definisie van vriendskap.

Die voorwaarde vir egte vriendskaplike liefde word reeds by Aristoteles in **selfliefde** gevind. In vele interpretasies van die sentrale liefdesgebod word die positiewe van selfliefde meesal nie vermeld nie omdat selfliefde gesien word as sinoniem met egoïsme. Saam met Aristoteles en Cicero moet selfliefde gesien word as voorwaarde vir egte vriendskaplike liefde. Hiermee hang saam selfrespek as voorwaarde vir respek vir andere.

Die regulatiewe verdieping van die etiese is afhanklik van die antisipasie na die **geloofsmodaliteit** van die bestaan. Hier het 'n mens dit te doen met die sensitiewe saak van **liefdesvertroue**.

'n Vriend is so goed as tien psigoterapeute. Die vertroue tussen vriende is 'n magtige bron van sekuriteit (Aristoteles, 1165a).

Goeie trou is iets heiligs. Vir Cicero openbaar 'n egte vriend twee eienskappe: die **totale afwesigheid van pretensie en wantroue**.

Boesemvriendskap word nie vir 'n bepaalde periode of lewensfase gesluit nie. Daarom sê Ton Lemaire (1968:56):

De hoogste liefde kan met niet minder genoeg nemen dan met onsterfelijkheid.

Die geloof is die venster op die ewigheid. Vriende se gemeenskaplike geloof en -geloofsbeleving stempel ook hulle vriendskap. Die geloof dat God vriende na mekaar bring, wat by aldie klassieke denkers voorkom, geld ook in die Christelike geloofsbeleving. Dit impliseer dan ook 'n transendent-verankerde verantwoordelikheid vir mekaar.

Om op te som: Kernvriendskap is in beginsel 'n eties gekwalifiseerde, relatief-eksklusiewe gemeenskapstruktuur wat ontstaan tussen twee persone van dieselfde of die teenoorgestelde geslag wat om een of ander misterieuse rede kongenialiteit tussen mekaar ervaar en vreugde put uit kommunikasie en saamdoen. Dis 'n verhouding van gelykheid wat in die grootste vryheid gesluit word en in die ideale geval beëindig word as een van die twee te sterwe kom. Die norme wat egte vriendskap kenmerk is solidariteit, integriteit, soepelheid, "commitment", kameraderie, grasia in verkeer, lojaliteit, dienswilligheid, billikheid, vertroue en vertrouenswaardigheid. Gemeenskaplike geloofsbeleving verleen daaraan 'n besondere dimensie.

Bibliografie

ARISTOTEL. 1962. *Nicomachean Ethics*. Indianapolis/New York: Bobbs-Merrill Company.

- CICERO, M.T. 1909. Letters of Marcus Tullius Cicero with his treatises on Friendship and Old Age (Translated by Shukburgh, E.S.) & Letters of Gaius Plinius Caecilius Secundus (Translated by Melmoth, W). In: *The Harvard Classics*, Vol 9. New York: P F Collier & Son.
- DOOYEWEERD, H. 1957. *A New Critique of Theoretical Thought III*. Amsterdam/ Philadelphia, H J Paris: The Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- FUKUYAMA, F. 2000. *The Great Disruption. Human Nature and the Reconstruction of Social Order*. London: Profile Books.
- KANT, I. 1930. *Metaphysics of virtue*. London: Methuen Co.
- KUHN, H. 1975. *Liebe. Geschichte eines Begriffs*. München: Kösel-Verlag.
- LEMAIRE, T. 1968. *De tederheid*. Baarn: Ambo.
- MASTERSON, P. 1983. Ethics and absolutes in the philosophy of E Levinas. *Neue Zeitschrift f'nr systematische Theologie und Religionswissenschaft*, 25(3): 211-223.
- OLTHUIS, J.H. 1975. *I pledge you my troth; a Christian view of marriage, family, friendship*. New York: Harper & Row.
- PLATO. 1973. *Collected dialogues of Plato*. Princeton: Princeton University Press.
- PRINSLOO, M. 1990. Plato, Aristoteles en Cicero oor vriendskap – 'n filosofies-etiese analise. M.-verhandeling. Dept. Wysbegeerte. Universiteit van die Vrystaat.
- ROSS, W.D. 1949. *Aristotle*. London: Methuen & Co.
- SMIT, J.H. 1985. *Etos en etiek*. Bloemfontein: Patmos.
- STRAUSS, D.F.M. 1978. *Inleiding tot die kosmologie*. Bloemfontein: Sacum.
- TROOST, A. 1973. Christian alternatives to traditional ethics. *Philosophia Reformata*, 38.
- TROOST, A. 1983. *The Christian Ethos*. Bloemfontein: Patmos.
- VANDER KERKEN, L. 1981. *Menselijke liefde en vriendschap*. Antwerpen/ Amsterdam: De Nederlandse Boekhandel.
- VOLBRECHT, ROSE MARY. 1983. Friendship: its nature, moral significance, and limits. Indiana:University of Notre Dame (D.Phil.-dissert.).